# JAARVERSLAG AUGUSTUS 2016

## FINANSIES / SAEF / SANESA / BORGSKAPPE

Jan Joubert

**FINANSIES**

Dit word bespreek tydens die AJV 2016 te Frankfort. Finansiële state is aan lede ge-e-pos.

**SANESA**

Sanesa bly een van die strukture in die perdesport omgewing wat steeds aanhou groei. Die hoofrede daarvoor is dat die kinders erkenning op skoolvlak in die sport wat hul beoefen, ontvang. Aangesien die Nasionale Kampioenskap 2015 binne die tydraamwerk van die verslag val, lewer graag daaroor verslag.

Die SA Boerperde het tydens die SANESA Nasionale Kampioenskappe van 2015 te Misty Meadows besonder goed presteer. Aangeheg is die Boerperde en hulle ruiters wat onder die Top 20 perde geval het. Die naamlys getuig daarvan dat 30% van die top 20 hoërskool presteerders in alle dissiplines, SA Boerperde was. In laerskole was die persentasie 15%. Die dissplines sluit die volgende in: Western Mounted Games; Eventing; Core League (Show Jumping; Dressage; Prix Caprilli; Performance Riding; Equitation; Working Hunter); Western Riding en Extreme Trail & Obstacle / Cowboy Dressage.

Hoërskool ruiters onder die 2015 Nasionale SANESA Top 20:

2. Mia Joubert – Rooigras Sierlik (Gauteng)
3. Kristen Joubert – Rooigras Gina (Gauteng)
4. Judith Kritzinger – Goudhoek Liefie (Mpumalanga)
9. Kristen Joubert – Rooigras Syfer (Gauteng)
15. Marnise Lambrechts – Goudhoek Willem (Gauteng)
18. Elizabeth Tedder – Maltrap Jasper (Wes-Kaap).

Laerskool ruiters onder 2015 Nasionale SANESA Top 20:

1. Surika Struwig – HAT Swenk (Mpumalanga)
3. Michaela Janse van Rensburg – Rooigras Oordentlik (Gauteng)
14. Nina Terreblanche – Fleur (KZN).

Die prestasies van die SA Boerperde op alle vlakke van SANESA veroorsaak dat kinders dit raaksien en daar word 'n groei van verkope in die omgewing ervaar.

Gedurende die AJV van SANESA wat gehou sal word begin Oktober 2016 te Misty Meadows, sal SA Boerperd Trofeë aan die onderskeie Provinsies bekend gestel word. Die ruiter met die meeste punte in elke provinsies sal 'n SA Boerperd trofee ontvang.

**SAEF**
Die strukture van die regulerende entiteit bly 'n raaisel. Die onderskeie dissiplines baklei geweldig onder mekaar met die groter dissiplines wat gedurig honger is vir meer en meer mag. SASCOC het al meer as een keer ingegryp, maar met min sukses.

Die organisasie het steeds nie 'n finale konstitusie nie en die laaste een is weer onder herevaluering.

Dit is betekenisvol dat die Trippelaars van Dundee omgewing as 'n dissipline aangesluit het by die SAEF.

Die SAEF is egter steeds in 'n vloeibare stadium, maar hul bly die gesaghebbende entiteit wat die finale besluite neem oor belangrike aspekte soos paspoorte, AHS inentings, ens. Al is hulle hulle nie die enigste entiteit wat hieroor besluit nie, is hulle meer dikwels die entiteit wat gekonsulteer word ten opsigte van die belangrike aspekte wat ons direk mag raak.

**BORGSKAPPE**
Die gemak om instansies te hê wat die Genootskap d.m.v. borgskappe ondersteun, bly 'n doelwit van die Raad. Die Raad het die beginsels geïmplementeer waar borgskappe per klas / klas-reeks van ons lede aangevra is. Die stelsel het relatiewe sukses gehad en meer as R 25 000 is op die manier ingevorder. Baie dankie aan alle borge uit ons eie geledere.

Die maatskappye wat genader is om borgskappe, belowe herhaaldelik hul ondersteuning, maar die finale fisiese betaling ontbreek telkens. Daar is verskeie maatskappye gesien en professionele metodieke en prosesse geïmplementeer om die kanse op sukses te verhoog.

Daar is ook gedurende die periode onder oorweging aansoek gedoen by LOTTO vir 'n allokasie. Die bedrag waarvoor aansoek gedoen is beloop R 5 miljoen en ons wag vir hul finale besluit in die verband. Die LOTTO applikasie het 'n geweldige aantal werk en tyd vereis.

Gedurende die einde van die rapporterings periode kon ons die Burgers familie van **BurGerS Spares & Equipment** (Grondverskuiwing) nader ter ondersteuning van ons Nasionale Kampioenskappe 2016. Ons opregte waardering aan die JURUST Stoet wat die leidraad verskaf het. Hulle word reeds op die Communicator geadverteer.

***Jan Joubert***
RAADSLID: Finansies, SAES, SANESA & Borgskappe